

# Wat is moedertaalgebaseerde tweetalige/veeltalige onderwys?

## Pamflet 2

**Junie  
2024**

Hierdie pamflet is in Tshivena, isiXhosa, Sepedi, isiZulu, Sesotho, Afrikaans, Setswana, Xitsonga, siSwati, isiNdebele, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Engels beskikbaar.

Besoek [www.bua-lit.org.za](http://www.bua-lit.org.za)  
vir besonderhede.



*What is a  
mother tongue(s)?*

*Wat is 'n  
moedertaal/-tale?*

'n Moedertaal is die taal/tale wat kinders die beste ken wanneer hulle met hul formele skoolloopbaan begin. Dit kan meer as een taal wees. Dit is tipies die taal/tale wat kinders gereeld in hul huis en/of gemeenskap gebruik om te kommunikeer. Dit is gewoonlik die taal wat die kind in die skool op Huistaal-vlak leer.

Die taal of tale wat die kind die beste ken, staan ook bekend as primêre taal/ tale, eerste taal/tale, huistaal/-tale of moedertaal/-tale. Die moedertaal kan ook die taal van die pa of die taal van die ouma wees. Die belangrike punt hier is dat dit die taal/tale is wat die kind die beste ken en wat deur die kind gepraat word. Moedertaal/-tale sluit dialekte of variëteite van 'n spesifieke taal in. Dialekte soos Kaapse Afrikaans, oftewel Kaaps, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans is byvoorbeeld deel van Afrikaans as 'n moedertaal. Daar word dus van 'n Afrikaans-onderwyser verwag om Standaardafrikaans of geskrewe Afrikaans op so 'n wyse te onderrig dat die dialekte as 'n leerhulpbron erken, gerespekteer

en gebruik word. In Suid-Afrika word moedertaalonderwys geassosieer met die gebruik van die kind se moedertaal as die taal van leer, onderrig en assessering (**TLOA**). Dit beteken dat inhoudsvakke soos Wiskunde en Lewensvaardighede in die moedertaal onderrig word.

*What is 'mother  
tongue' education?*

*Wat is "moeder-  
taalonderwys"?*

Tans word die oorgrote meerderheid kinders wat 'n Afrikataal as moedertaal het, se moedertaal slegs gedurende die eerste vier jaar van hul skoolloopbaan (Graad R–3) as **TLOA** gebruik. Vir Engels- en Afrikaanssprekende leerders word die moedertaal van Graad R tot Graad 12 en verder as **TLOA** gebruik. Moedertaalonderwys bevoordeel die skeiding van tale en maak voorsiening vir 'n enkele onderrigtaal regdeur die

skoolloopbaan en opvoeding. Moedertaalonderwys word met eentalige onderwys geassosieer. Dit beteken leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (byvoorbeeld, handboeke) word in een taal beskikbaar gestel, interaksie tussen onderwysers en leerders vind in een taal plaas, en assesserings word in een taal gedoen. In hierdie model word bykomende tale slegs as vakke aangebied. Byvoorbeeld, Engels/ Afrikaans/isiZulu/Setswana word as vakke aangebied, naamlik as Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal. Daar is egter ander modelle waar twee taalvakke op Huistaal-vlak aangebied word.

Daar word na hierdie model verwys as moedertaalgebaseerd omdat daar in Graad 4 voortgegaan word om die kind se moedertaal as die **TLOA** te gebruik, terwyl nog 'n, tipies minder bekende, taal (Engels in die meeste gevalle) as 'n komplementêre **TLOA** bygevoeg word. **MTBTO** is 'n respons op historiese ongelykhede wat betref taal en onderwys in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel waar Engels- en Afrikaanssprekende leerders die meeste gebaat het by die gebruik van hul moedertale as **TLOA's** ná Graad 3. In **MTBTO** word leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (byvoorbeeld, handboeke) in twee



## *What is Mother Tongue Based Bi/multilingual Education (MTBBE)?*


### *Wat is moedertaalgebaseerde tweetalige/veeltalige onderwys (MTBTO)?*

Moedertaalgebaseerde tweetalige/veeltalige onderwys (**MTBTO**) is die gebruik van meer as een taal as die taal van leer, onderrig en assessering (**TLOA**). Dit beteken inhoudsvakke soos Wiskunde en Natuurwetenskappe en Tegnologie, asook Sosiale Wetenskappe word in twee of meer tale onderrig.

of meer tale beskikbaar gestel en assesserings word in meer as een taal gedoen. In hierdie model word die **TLOA's** ook as taalvakke aangebied op die vlak van Huistaal of Eerste Addisionele Taal (**EAT**). Die suksesvolle implementering van **MTBTO** is deels afhanklik van gehalte vakonderrig van die tale wat as **TLOA** gebruik word.

Die doel van moedertaalgebaseerde tweetalige/veeltalige onderwys is om omstandighede vir kinders te skep waar hulle 'n grondige kennis en bedrewenheid in hul moedertaal/-tale, Engels en ander Afrikatale kan ontwikkel.

Vir die meerderheid kinders in Suid-Afrika is 'n Afrikataal/-tale die taal wat hulle die beste ken of hul moedertaal. Navorsing toon dat leerders die beste leer in die taal/tale wat hulle die beste ken. Grondige kennis van hul tale maak dit vir leerders moontlik om nuwe inhoud te leer, en selfs ander tale aan te leer.



### *Why Mother Tongue Based Bi/multilingual Education?*

### *Waarom moedertaalgebaseerde tweetalige/veeltalige onderwys?*

Internasionale assesserings van lees toon dat leerders in Graad 4 en verder nie met begrip in Afrikatale kan lees en skryf nie, selfs al is hulle van Graad R tot 3 in 'n Afrikataal onderrig. Dit beteken nie dat Afrikatale nie doeltreffend is as **TLOA**'s nie. Wat hierdie uitslae toon, is die gebrek aan belegging in onderrig in die medium van Afrikatale.

Engels- en Afrikaanssprekende onderwysers word byvoorbeeld opgelei in die tale wat hulle onderrig en word van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal in hierdie tale voorsien. Die meeste onderwysers wat 'n Afrikataal/-tale praat, kry egter hul opleiding in Engels, en die meeste leerders het nie voldoende toegang tot gehalte leesmateriaal in Afrikatale nie.

Navorsing toon dat mense wat meer as een taal praat, al hul tale gebruik om betekenis te skep. Die gebruik van meer as een taal as 'n **TLOA** kan talle kognitiewe voordele vir leerders inhou, soos die feit dat tweetalige/veeltalige leerders uit meer as een taalhulpbron put om betekenis te skep en oor te dra.

Wanneer die taal wat leerders die beste ken as **TLOA** gebruik word, en 'n komplementêre **TLOA** bygevoeg word, kan dit 'n leerder se sin vir selfwaarde, identiteit en kultuur bevorder. Dit kan leerders ook in staat stel om verbande te trek tussen kennis wat uit hul gemeenskappe kom en kennis wat van die skool af kom. **MTBTO** poog om individuele veeltaligheid te bevorder om sodoende kruiskulturele kommunikasie,

begrip en sosiale kohesie te verbeter. Die **MTBTO**-model stel 'n situasie in die vooruitsig waar leerders deur middel van hul moedertaal/-tale kan leer, maar ook deur middel van 'n taal met breër kommunikasiemoontlikhede (Engels). Voorts sal hulle 'n ander Afrikataal (wat nie aan hul moedertaal verwant is nie) leer. **MTBTO** stel kinders in staat om te leer in die tale wat hulle die beste ken, en ook hul vaardigheid in Engels te ontwikkel.



**MTBTO** maak ook sin vir ekonomiese ontwikkeling, want dit berei leerders voor om deel te neem aan beide plaaslike en internasionale ekonomieë. Dit berei leerders voor om verskillende lewenswêreldes te navigeer sodat hulle in werksomgewings kan funksioneer waar Engels na waarde geskat word (die formele ekonomie) en dié waarin Afrikatale na waarde geskat word (informele ekonomie).

*Advice for schools  
changing to MTBBE –  
how could it work in  
the classroom*

*Advies vir skole wat  
na MTBTO oorskakel  
– hoe dit in die  
klaskamer kan werk*

### **Scenario 1: Vir skole wat isiXhosa-huistaal in die Grondslagfase het en Engelsmedium vanaf Graad 4–12 (landelike/townshipskole)**

- Leerders praat isiXhosa as 'n huistaal (sommige leerders mag 'n dialek van isiXhosa praat).
- Onderwysers praat isiXhosa as 'n huistaal.
- Onderwysers en leerders gebruik Engels tot 'n beperkte mate buite die klaskamer.
- IsiXhosa is die **TLOA** in die Grondslagfase en van Graad 4 af is Engels die amptelike **TLOA**.

### **Aanbevole MTBTO-praktyke – Dubbelmediumpraktyke**

**isiXhosa as TLOA in die Grondslagfase en isiXhosa–Engels as TLOA's (Graad 4 en verder)**

**Lesbeplanning:** Die onderwyser moet eers vasstel watter taal/tale leerders praat. Daarna moet hulle sorgvuldig oorweeg of hulle isiXhosa of Engels of albei behoort te gebruik en in watter gedeeltes van die les.

Wanneer onderwysers hieroor nadink, kan dit hulle help om weg te beweeg van opleiding en oriëntering wat slegs in Engels plaasvind na 'n denkwysse wat onderrig en leer met veeltaligheid in gedagte benader. Dit kan die gehalte van lesse verbeter deur onderwysers aan te moedig om toegang tot gestandaardiseerde terminologie in isiXhosa en Engels te verkry en in hul lesse te gebruik. Dit kan onderwysers dan help om vir die taalgebruik in die klaskamer te beplan.

**Verkryging en gebruik van materiaal:**

Onderwysers sal dalk bewuste besluite moet maak oor hoeveel materiaal aangekoop moet word in die TLOA's wat in die klaskamer gebruik word. Byvoorbeeld, in 'n klas met 40 leerders, kan 20 Engelse wetenskaphandboeke en 20 isiXhosa-wetenskaphandboeke aangekoop word. Eentalige en tweetalige tegniese woordelyste, woordeboeke en

**LOOM**-tekste kan ook aangekoop word. 'n Toepassing (app) waarvoor geen data nodig is nie, met veeltalige woordelyste oor alle vakgebiede heen, kan in so 'n situasie van nut wees.

**Formatiewe en summatiewe assessering:**

Onderwysers en vakadviseurs sal bewustelik moet beplan vir taalgebruik in assessering (byvoorbeeld, tweetalige of eentalige assesserings, na gelang van die doel van die les en leerders se taalvermoë). Dit sluit leiding in oor watter taal/tale gebruik moet word in formatiewe en summatiewe assessering; in 'n spesifieke graad; of in watter deel van die assessering.

**Taalgebruik in die klaskamer (deur onderwysers en leerders):**

Onderwysers behoort leerders aan te moedig om al hul taalhulpbronne -variëteite te gebruik om betekenis te skep en oor te dra. Onderwysers moet ook die gebruik van taal om betekenis te skep, modelleer.

**Hieronder volg 'n voorbeeld van hoe daar in Scenario 1 oor taalgebruik gedink kan word vir verskillende grade.**

Graad	Taalgebruik volgens persentasie soos deur die DBO aanbeveel	Taalondersteunings hulpbronne	Werkboeke/ LOOM
4	TLOA 80% isiXhosa 20% Engels	Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas	Eentalige tekste Meestal isiXhosa-werkboeke Tweetalige tekste Sommige tweetalige tekste in een boek/ stel notas

5	<p><b>TLOA</b> 70% isiXhosa 30% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Meestal isiXhosa-werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige isiXhosa-/Engelse teks in een boek/stel notas. Sommige tweetalige tekste in een boek/stel notas.</p>
6	<p><b>TLOA</b> 60% isiXhosa 40% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte isiXhosa-werkboeke Helfte Engelse werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>
7	<p><b>TLOA</b> 50% isiXhosa 50% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte isiXhosa-werkboeke Helfte Engelse werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige tekste in een boek/stel notas</p>

## Scenario 2: Vir tweetalige parallelmediumskole met isiXhosa–Engels en Sesotho–Engels

- Die meeste leerders praat isiXhosa of Sesotho as huistaal (sommige leerders kan 'n dialek van isiXhosa of Sesotho praat).
- Onderwysers praat of isiXhosa of Sesotho as huistaal.
- Onderwysers en leerders gebruik Engels tot 'n beperkte mate buite die klaskamer.
- IsiXhosa en Sesotho is parallelle **TLOA's** tot in Graad 6. Engels word vanaf Graad 1 as **EAT** aangebied.

### Aanbevole MTBTO-praktyke – *Parallel-medium- en dubbelmediumpraktyke*

**Lesbeplanning:** Die onderwyser moet eers vasstel watter taal/tale leerders praat. Daarna moet hulle sorgvuldig oorweeg of hulle isiXhosa of Engels, of Sesotho of Engels of albei behoort te gebruik en in watter gedeeltes van die les. Dit is belangrik om onderwysers te help om weg te beweeg van opleiding en oriëntering wat slegs in Engels plaasvind na 'n denkwysse wat onderrig en leer met veeltaligheid in gedagte benader. Dit sal onderwysers ook in staat stel om toegang tot gestandaardiseerde terminologie in isiXhosa/Sesotho en Engels te verkry en in hul lesse te gebruik. Dit kan onderwysers dan help om vir die taalgebruik in die klaskamer te beplan.

### Verkryging en gebruik van materiaal:

Onderwysers sal dalk bewuste besluite moet maak oor hoeveel materiaal aangekoop moet word in die **TLOA's** wat in die klaskamer gebruik word. Byvoorbeeld, in 'n klas met 40 leerders, kan 20 Engelse

wetenskaphandboeke en 20 isiXhosa-/Sesotho-wetenskaphandboeke aangekoop word. Eentalige en tweetalige tegniese woordelyste, woordeboeke en **LOOM**-tekste kan ook aangekoop word. 'n Toepassing (app) waarvoor geen data nodig is nie, met veeltalige woordelyste oor alle vakgebiede heen, kan in so 'n situasie van nut wees.

### Formatiewe en summatiewe

**assessering:** Onderwysers en vakadviseurs sal bewustelik moet beplan vir taalgebruik in assessering (byvoorbeeld, tweetalige of eentalige assesserings) en sal leerders uitdruklik moet opdrag gee in watter taal/tale hulle in elke graad moet antwoord. Daar word aanbeveel dat die Huistaal en Eerste Addisionele Taal vir assessering gebruik word.

### Taalgebruik in die klaskamer

#### (deur onderwysers en leerders):

Onderwysers behoort leerders aan te moedig om al hul taalhelpbronne/variëteite te gebruik om betekenis te skep en oor te dra. Onderwysers moet ook die gebruik van taal om betekenis te skep, modelleer.



**Hieronder volg 'n voorbeeld van hoe daar in Scenario 2 oor taalgewoontes gedink kan word vir verskillende grade.**

Graad	Taalgewoontes volgens persentasie soos deur die DBO aanbeveel	Taalondersteunings hulpbronne	Parallel- tot dubbel medium- isiXhosa-Sesotho-klasse, werkboeke/LOOM
4	<p><b>TLOA</b> 80% isiXhosa/ Sesotho 20% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Meestal isiXhosa-werkboeke <b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas <b>Eentalige tekste</b> Meestal Sesotho-werkboeke <b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige Sesotho-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>
5	<p><b>TLOA</b> 70% isiXhosa/Sesotho 30% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Meestal isiXhosa-werkboeke <b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas <b>Eentalige tekste</b> Meestal Sesotho-werkboeke <b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige Sesotho-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>

<p><b>6</b></p>	<p><b>TLOA</b> 60% isiXhosa/Sesotho 40% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Meestal isiXhosa-werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p> <p><b>Eentalige tekste</b> Meestal Sesotho-werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Sommige tweetalige Sesotho-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>
<p><b>7</b></p>	<p><b>TLOA</b> 50% isiXhosa/Sesotho 50% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte isiXhosa-werkboeke Helfte Engelse werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Meer tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p> <p><b>Eentalige tekste</b> Helfte Sesotho-werkboeke Helfte Engelse werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Meer tweetalige Sesotho-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>

In Scenario 2 word aanbeveel dat soveel geleenthede moontlik geskep behoort te word om leerders wat verskillende tale praat (isiXhosa en Sesotho of enige van die Suid-Afrikaanse tale) te kombineer. Die leerders kan gekombineer word vir Engels Eerste Addisionele Taal. Die Sesotho-leerders kan isiXhosa as 'n Eerste of Tweede Addisionele Taal neem en die isiXhosa-leerders kan Sesotho neem.

### Scenario 3: Tweetalige parallelmediumskole met isiXhosa–Engels en Sesotho–Engels in die Grondslagfase en dan veeltalige isiXhosa–Sesotho–Engelse skole (sommige skole in die Oos-Kaap wat MTBTO implementeer)

- Leerders praat isiXhosa of Sesotho as 'n huistaal (en sommige leerders praat tipies tot 'n sekere mate isiXhosa en Sesotho).
- Leerders word in isiXhosa en Sesotho in parallelmediumklasse onderrig.
- Onderwysers en leerders gebruik Engels tot 'n beperkte mate buite die klaskamer. IsiXhosa en Sesotho is vanaf Graad R tot Graad 3 parallelle TLOA's. Engels word vanaf Graad1 as EAT aangebied. Vanaf Graad 4 word isiXhosa en Sesotho, gekombineer met Engels, as TLOA's in dieselfde klaskamer gebruik.
- In Graad 4 word isiXhosa- en Sesotho-sprekende leerders in een klas gemeng.
- Onderwysers praat tot 'n wisselende mate isiXhosa en Sesotho. Sommige onderwysers se huistaal is isiXhosa en ander se huistaal is Sesotho.

#### Aanbevole MTBTO-praktyke – Dinamiese/buigsame veeltalighedspraktyke

**Lesbeplanning:** Onderwysers moet bewuste besluite maak oor hoe die lesplan afsonderlike gebruik van tale akkommodeer en vir die meng van tale, na gelang van die doel.

Dit is belangrik om onderwysers te help om buigsam te wees wanneer hulle met tale omgaan. In hierdie scenario is dit baie belangriker vir onderwysers om ander onderwysers of vakadviseurs te raadpleeg om terme te verduidelik en om terme lank voor die les te vind. Video's in verskillende tale wat die konsepte verduidelik sal baie nuttig wees om onderwysers te help wat nie ewe vaardig is in beide isiXhosa en Sesotho nie.

Dit sal nuttig wees indien die video's onderskrifte in isiXhosa, Sesotho en Engels het (maar nie noodwendig in dieselfde opname van die video nie). Dit sal onderwysers ook in staat stel om toegang tot gestandaardiseerde terminologie in isiXhosa, Sesotho en Engels te verkry en in hul lesse te gebruik.

#### Verkryging en gebruik van materiaal:

Onderwysers sal dalk bewuste besluite moet maak oor hoeveel materiaal aangekoop moet word in die TLOA's wat in die klaskamer gebruik word. Byvoorbeeld, in 'n klas met 40 leerders, kan 20 Engelse wetenskaphandboeke en 20 isiXhosa-/Sesotho-wetenskaphandboeke aangekoop word. Eentalige en tweetalige tegniese

woordelyste, woordeboeke en LOOM-tekste kan ook aangekoop word. 'n Toepasing (app) waarvoor geen data nodig is nie, met veeltalige woordelyste oor alle vakgebiede heen, kan in so 'n situasie van nut wees.

**Taalgebruik in die klaskamer (deur onderwysers en leerders):** Onderwysers behoort leerders aan te moedig om al hul taalhulpbronne/-variëteite te gebruik om betekenis te skep en oor te dra. Onderwysers moet ook die gebruik van taal om betekenis te skep, modelleer.

### Formatiewe en summatiewe

**assessering:** Onderwysers en vakadviseurs sal bewustelik moet beplan vir taalgebruik in assessering (byvoorbeeld, tweetalige of eentalige assesserings) en sal leerders uitdruklik moet opdrag gee in watter taal/tale hulle in elke graad moet antwoord. Daar word aanbeveel dat die Huistaal en Eerste Addisionele Taal vir assessering gebruik word.

## Hieronder volg 'n voorbeeld van hoe daar in Scenario 3 oor taalgebruik gedink kan word vir verskillende grade.

Graad	Taalgebruik volgens persentasie soos deur die DBO aanbeveel	Taalondersteunings hulpbronne	Parallel- tot dubbel medium- isiXhosa-Sesotho-klasse, werkboeke/LOOM
4	<p><b>TLOA</b> 80% isiXhosa/ Sesotho 20% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Meestal isiXhosa-werkboeke <b>Tweetalige tekste</b> Meer tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas <b>Eentalige tekste</b> Meestal Sesotho-werkboeke <b>Tweetalige tekste</b> Meer tweetalige Sesotho-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>

5	<p><b>TLOA</b> 70% isiXhosa/Sesotho 30% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte isiXhosa-werkboeke Helfte Sesotho-werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige isiXhosa-Engelse tekste in een boek/stel notas Tweetalige Sesotho-Engelse tekste in een boek/stel notas</p>
6	<p><b>TLOA</b> 60% isiXhosa/Sesotho 40% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte isiXhosa-werkboeke Helfte Sesotho-werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas Tweetalige Sesotho-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>
7	<p><b>TLOA</b> 50% isiXhosa/Sesotho 50% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte isiXhosa-werkboeke Helfte Sesotho-werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas Tweetalige Sesotho-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>

## Scenario 4: Parallelmedium- Afrikaans–Engelse–isiXhosa-klasse

- Afrikaans as **TLOA** regdeur (Afrikaans Huistaal as vak, Engels EAT as vak) saam met Engels as **TLOA** (Engels Huistaal as vak, Afrikaans EAT as vak). Wydverspreid in stedelike gebiede en sommige plattelandse dorpe in Kwintiel1-skole.
- Voormalige Afrikaansmediumskole skakel toenemend oor na Engels. Steeds parallelmedium, maar die Afrikaanse klasse word elke jaar minder, terwyl die Engelse stroom groei.
- Parallelmedium- Afrikaanse/ Engelse klasse is steeds 'n stedelike verskynsel, maar kom ook in dorpe en landelike gebiede voor.
- Uiteindelik sal die standaard-Afrikaanse stroom moontlik heeltemal uitgefaseer word as gevolg van die vraag na Engelse skole. Tans praat baie kinders (veral bruin kinders) in hierdie skole Kaapse Afrikaans (Kaaps) en identifiseer op kulturele vlak nie met Standaardafrikaans nie. Hulle ervaar uitdagings met Afrikaans Huistaal as vak. Insluiting van Kaaps as taalvariëriteit in die klaskamer raak dan nodig.
- Baie ouers probeer ook hul kinders by die huis Engels grootmaak, selfs al praat hulle Afrikaans met mekaar.
- Een gevolg is dat Engels Huistaal as vak dikwels deur kinders geneem word wat nie (baie) Engels by die huis praat nie. Kinders wat veeltalig is en verskillende variëriteite op hierdie manier praat, ervaar probleme met beide Afrikaans en Engels as standaardtaal.
- Dit lei tot nuwe uitdagings vir onderwysers wat gewoon is aan “tradisionele” Engels/Afrikaans Huistaal-klasse.
- Daar is ook gemeenskappe waar isiXhosa-/Sesotho-/Setswana-sprekende families saam met Afrikaanssprekende families woon.
- Skole moet taaldiversiteit in die gemeenskappe aanspreek om al die kinders in hierdie gemeenskappe te dien. Nog 'n parallelle isiXhosa-/Sesotho-/Setswana-stroom sou ideaal wees vir hierdie kinders.

### **Aanbevole MTBTO-praktyke** **- Dinamiese/buigsame** **veeltaligheidspraktyke**

**Lesbeplanning:** Onderwysers moet bewuste besluite maak oor hoe die lesplan afsonderlike gebruik van tale akkommodeer en vir die meng van tale, na gelang van die doel. Dit is belangrik om onderwysers te help om buigsam te wees wanneer hulle met tale omgaan.

In hierdie scenario is dit baie belangriker vir onderwysers om ander onderwysers of vakadviseurs te raadpleeg om terme te verduidelik en om terme lank voor die les te vind. Video's in verskillende tale wat die konsepte verduidelik sal baie nuttig wees om onderwysers te help wat nie ewe vaardig is in Afrikaans, isiXhosa en Engels nie. Dit sal nuttig wees indien die video's onderskrifte in Afrikaans, isiXhosa en Engels het (maar nie noodwendig in dieselfde opname van die video nie).

Dit sal onderwysers ook in staat stel om toegang tot gestandaardiseerde terminologie in Afrikaans, isiXhosa en Engels te verkry en in hul lesse te gebruik.

**Verkryging en gebruik van materiaal:**

Onderwysers sal dalk bewuste besluite moet maak oor hoeveel materiaal aangekoop moet word in die **TLOA**'s wat in die klaskamer gebruik word. Byvoorbeeld, in 'n klas van 40 leerders, kan 20 Afrikaanse wetenskaphandboeke, 20 isiXhosa-wetenskaphandboeke en 40 Engelse wetenskaphandboeke aangekoop word. Eentalige en tweetalige tegniese woordelyste, woordeboeke en **LOOM**-tekste kan ook aangekoop word. 'n Toepasing (app) waarvoor geen data nodig is nie, met veeltalige woordelyste oor alle vakgebiede heen, kan in so 'n situasie van nut wees.

**Formatiewe en summatiewe**

**assessering:** Onderwysers en vakadviseurs sal bewustelik moet beplan vir taalgebruik in assessering (byvoorbeeld, tweetalige of eentalige assesserings) en sal leerders uitdruklik moet opdrag gee in watter taal/tale hulle in elke graad moet antwoord. Daar word aanbeveel dat die Huistaal en Eerste Addisionele Taal vir assessering gebruik word.

**Taalgebruik in die klaskamer (deur onderwysers en leerders):**

Onderwysers behoort leerders aan te moedig om al hul taalhulpbronne/-variëteite (byvoorbeeld, Kaaps) te gebruik om betekenis te skep en oor te dra. Onderwysers moet ook die gebruik van taal om betekenis te skep, modelleer.

**Hieronder volg 'n voorbeeld van hoe daar in Scenario 4 oor taalgebruik gedink kan word vir verskillende grade.**

Graad	Taalgebruik volgens persentasie soos deur die DBO aanbeveel	Taalondersteunings hulpbronne	Dubbelmediumklasse met afsonderlike tale en tweetalige werkboeke/LOOM
4	<p><b>TLOA</b> 80% Afrikaans en 20% Engels</p> <p>80% Engels en 20% Afrikaans</p> <p>80% isiXhosa en 20% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte Afrikaanse werkboeke Helfte Engelse werkboeke Helfte isiXhosa-werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige Afrikaanse/Engelse tekste in een boek/stel notas Tweetalige isiXhosa-/Engelse tekste in een boek/stel notas</p>

<p><b>5</b></p>	<p><b>TLOA</b> 70% Afrikaans en 30% Engels</p> <p>70% Engels en 30% Afrikaans</p> <p>70% isiXhosa en 30% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte Afrikaanse werkboeke Helfte isiXhosa- werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige Afrikaanse/ Engelse tekste in een boek/stel notas Tweetalige isiXhosa-/ Engelse tekste in een boek/stel notas Drietalinge tekste</p>
<p><b>6</b></p>	<p><b>TLOA</b> 60% Afrikaans en 40% Engels</p> <p>60% Engels en 40% Afrikaans</p> <p>60% isiXhosa en 40% Engels</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte Afrikaanse werkboeke Helfte isiXhosa- werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige Afrikaanse/ Engelse tekste in een boek/stel notas Tweetalige isiXhosa-/ Engelse tekste in een boek/stel notas Drietalinge tekste</p>
<p><b>7</b></p>	<p><b>TLOA</b> Parallele Afrikaanse/ Engelse klasse gekombineer</p> <p>50% Afrikaans en 50% Engels</p> <p>50% isiXhosa en 50% Engels</p> <p>Leerders kan gekombineer word in klasse waar Engels as vak aangebied word</p>	<p>Tweetalige woordmure, woordelyste, drukwerk in die omgewing en notas</p>	<p><b>Eentalige tekste</b> Helfte Afrikaanse werkboeke Helfte isiXhosa werkboeke</p> <p><b>Tweetalige tekste</b> Tweetalige Afrikaanse Engelse tekste in een boek/stel notas Tweetalige isiXhosa Engelse tekste in een boek/stel notas</p>



**Ons dank aan die Zenex-stigting, Nelson Mandela Institute for Education and Rural Development en Old Mutual wat die produksie van hierdie pamflette moontlik gemaak het.**

Saamgestel deur Soraya Abdulatief, Xolisa Guzula, Ntombizanele Mahobe, Carolyn McKinney, Nadeema Musthan, Margie Probyn, Brian Ramadiro, Robyn Tyler, Zola Wababa en Peter Plüddemann.

**Ontwerp** deur Phumle April  
**Vertaal** deur Anita van Zyl